

KLASSIEKE 75 JAAR-OUE BEEHCRAFT VERSKYN IN NUWE THREE SHIPS TV-REKLAME

In die nuwe Three Ships Whisky-televisiereklame val die aksent op 'n BE 18 Beechcraft van 1959. Dit is die enigste lugwaardige voorbeeld in Suider-Afrika, en een van net ses ter wêreld. Dié advertensie is die tweede in die handelsmerk se tema van Ontdekkingsreise en volg drie Ierse avonturiers wat in dié vliegtuig oor Afrika reis om vas te stel wie die beste whisky ter wêreld maak.

Volgens die regisseur, Greg François van Fresh Eye, vang die beelde van so 'n ou vliegtuig die eksotiese drama en romanse van die groot ontdekkers vas. “Ons leef in 'n wêreld van massaproduksie en namaaksels. Hierdie ongesofistikeerde meganiese meesterstuk, wat oor 'n tydperk van jare gerestoureer is, laat dink jou terug aan tye toe handgemaakte uitnemendheid bobaas was. Dit weerspieël die uitmuntende gehalte van die whiskies wat deur Three Ships gemaak word.”

Op sy dag was die BE 18 die gelyke van deesdae se Learjet. Die vliegtuig is in 1994 na Suid-Afrika gebring, en het sterstatus verwerf in die Hollywood-fliek *Amelia* van 2008, met Hilary Swank en Richard Gere in die hoofrolle. Die fliek is op die lewe van Amelia Erhard gegrond.

Die huidige TV-advertensie volg in die spore van die eerste in die reeks wat in 2012 gewys is: 'n groep Skotse ontdekkers gaan op soek na die beste ter wêreld, en ontdek die Three Ships 5 Year Old Premium Select Whisky, wat deur 'n reeks blindproë by die 2012 World Whisky Awards as die beste versnitwhisky ter wêreld aangewys is.

Die TV-reklamereeks is deur 140 BBDO bedink. Volgens David Williams, die kopieskrywer, wil die veldtog Suid-Afrikaners daaraan herinner dat ander lande as Skotland en Ierland ook whisky kan maak. “In 'n kategorie waar eie tradisies 'n obsessie is, was dit 'n uitdaging om Suid-Afrikaners te laat

verstaan dat ons ook whisky kan maak wat met die beste ter wêreld kan meeding, of selfs beter kan wees.

“Ons wou ’n verhaal skep wat Suid-Afrikaners sou aangryp, en hulle sou laat trots voel op die whisky wat hier gemaak word. Die besondere reis en ontdekking wat op die Ierse avonturiers wag nadat hulle oor Afrika gevlieg en hul eindbestemming bereik het, word hiervoor ingespan. Dié bestemming is die James Sedgwick-distilleerderij, waar Andy Watts, die meesterdistilleerder, hierdie bekroonde reeks whiskies maak.

“Terwyl die Ierse ontdekkers van een land na die volgende reis om brandstof in te neem, trotseer hulle rotswoestyne en oerwoud-stygbane uit die dae van die Tweede Wêreldoorlog, en kom hulle agter dat Afrika geensins is wat hulle verwag het nie. Dis eerder ’n hutspot van allerlei kulture, ongenaakbare natuurskoon en bedrywige moderne stede. Na alles wat hulle tydens hul reis ervaar het, kom hulle by die distilleerderij aan en ontdek dat die beste ter wêreld nie altyd op die verwagte plekke gevind word nie.”

Die TV-advertensie word vandag (18 Maart) die eerste keer op DSTV, SABC en eTV uitgesaai, en van 20 Maart in rolprentteaters.

UITGEREIK DEUR	DKC (DE KOCK KOMMUNIKASIE)
DATUM	18 MAART 2015
NAMENS	THREE SHIPS WHISKY
NAVRAE	LIEZL DIPPENAAR, THREE SHIPS WHISKY
SE BEMARKINGSBESTUURDER	021 809 7000

LINDA CHRISTENSEN, DKC 021 873